

31 Maart

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6

Fokusgedeelte: Deut 6:16

Sonde teen die Heilige Gees

In die Nuwe Testament noem Jesus dit wat hier gebeur het “sonde teen die Heilige Gees” (Matt 12:31,32). Vir baie is dit ‘n moeilike saak. Kyk wat gebeur hier: Moses roep die volk op om God nie te versoek nie (OAV) en sy geduld nie te beproef nie (NAV) soos hulle by Massa gedoen het nie.

By Massa was daar geen water nie. Toe twis hulle met Moses en vra: “Is die Here in ons midde” (Eks 17:7 OAV). Om die Here te versoek beteken om van God ‘n teken te eis. Hy moet bewys dat Hy in hulle midde is. Ten diepste beteken dit om God te terg of te laster. Hy was al die pad met hulle. Hy gee aan hulle water, kwartels en manna asook die wolkkolom en die vuurkolom. Tog vra hulle of die Here werklik by hulle is. Dit is dan dat jy God laster.

Jy sien Hom as ‘t ware voor jou oë, maar jy vra nog meer (Ps 95:8,9). In Jesus se tyd het die Jode sy wonderwerke gesien en tog omgedraai en gesê: “Hy doen dit deur Beëlsbul.” So word die hart verhard en teenoor dit wat Hy getuig sê jy nog: Daar is nie ‘n God nie. So word die getuigenis van die Heilige Gees in jou geïgnoreer. Vandag word daar kragtig uit die Bybel en deur die prediking getuig dat Jesus my sonde op Hom geneem het. So baie glo dit egter nie of wil dit nie aanvaar nie. Dan is daar geen vergewing nie, want die enigste vergewing is deur te glo in die bloed van Jesus wat ter wille van jou gestort is. In hoofstuk 5 sien ons God se groot genade oor sondaars. Wie egter nogtans die oë sluit, stamp die genade weg en dit is sonde teen die Heilige Gees. Wie Hom egter nie aanneem nie en sy genade nie omhels nie, maak vergewing onmoontlik.

Sing: Psalm 95:1,5

Ds LD Aucamp (Cullinan)